Publication: Volksblad-Daily (Sport)
Publication Date: 19 Mar 2018
Page: 13

AVE: 21813.79
Circulation: 13906
Part: 1 of 1

## ZAZINI WEN SILWER



Luvo Manyonga Saterdag in sy eindpoging in die verspring vir mans op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Pretoria. Manyonga het met 'n afstand van 8,41 m gewen, met Ruswahl Samaai tweede, 20 cm korter. Foto: GALLO IMAGES

# Lindsey bobaas in 400 m-hekkies

## 'Breier sê altyd my beste is goed genoeg'

**Wim Pretorius**

Die 400 m-hekkies het Saterdag in Tuks se L.C. de Villiers-stadion 'n nuwe Suid-Afrikaanse kampioen gekry toe die belowende Lindsey Hanekom stof in die oë van die gunstelinge geskop het.

Hanekom het die wenstreep in 49.17 sek. oorgesteek, met die o.18-wêreldkampioen, Sokwakhana Zazini, wat die silwermedalje in 49.32 sek. gewen het.

Leroux Hamman, wat verlede jaar die titel verower het, het Hanekom geloof vir sy poging op die koel aand in Pretoria.

"Hy het baie goed gehardloop en verdien om te wen," het Hamman gesê.

Hamman, wat vanjaar met 'n beste tyd van 49.22 sek. spog, het derde geëindig in 49.42 sek.

Die eintlike kommer is die vertonings van die twee atlete wat Suid-Afrika by die Statebondspele sal verteenwoordig.

Constant Pretorius het vyfde klaargemaak in 49.77 sek., met LJ van Zyl wat sesde was in 50.84 sek, terwyl Hanekom en Hamman met Jan Tuisbly se karretjie sal moet ry.

Van Zyl, wat in 2011 'n persoonlike beste tyd van 47.66 sek aangeteken het, sukkel met sy peil.

Die verdedigende Statebondkampioen, Cornel Fredericks, wat nie in die Suid-Afrikaanse span ingesluit is nie, was vierde in 49.76 sek.

Hanekom, wat met 'n persoonlike beste tyd van 49.03 sek. spog, meen die feit dat die druk nie op hom was nie, het meegebring dat hy net op sy eie wedloop kon fokus en eindelik die pyp kon rook.

"Die druk was nie op my nie. Ek dink die druk was op die ander atlete," het Hanekom gesê. "Ek is tevrede met die Suid-Afrikaanse titel. Dit was nog altyd my mikpunt.

"Ek het niks vooraf verwag nie, maar Nico (van Heerden), my breier, het nog altyd in my geglo en gesê ek moet net my beste doen, want my beste is goed genoeg."

Zazini, of Sokkies soos hy in atletiekkringe bekend staan, het voortgebou op sy verstommende seisoen in 2017 waar hy al vyf die vinnigste tye in die wêreld van die jaar vir sy ouderdomsgroep genael het en ook met sy blitstyd van 48.84 sek. die o.18-wêreldrekord aan flarde gelaat het. Met die hekkies wat van 84.0 cm in die junior afdeling na 91.4 cm gestel word, het die 17-jarige Zazini gelyk of die hoogteverskil hom min pla.

Hanekom se tyd beteken dat hy die derde plek op die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se ranglys vir 2018 beklee, met Hamman in die vyfde plek en Zazini sesde.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.